

Oordeel Begin by God se Huis



Onderrigbrief
Deur Derek Prince

As Amerikaanse Christene word ons gekonfronteer met 'n grimmige, onmiskenbare feit: ons nasie het onder die oordeel van God gekom. Hiervoor is daar baie redes, maar hulle kan saamgevat word in een eenvoudige stelling: Ons het die sonde gepleeg waarvoor Esau verwerp is - ons het ons eersgeboortereg geminag (Hebreërs 12:15-17).

Ek het hierdie ontleding tot die situasie in die Verenigde State beperk. Baie van wat ek sê, is egter van toepassing op ander nasies wat erfgename is van die Joods-Christelike **erfenis** en op die kerk wêreldwyd. Mag God elkeen van ons help om ons persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar!

God oordeel ons volgens die mate van lig wat ons ontvang het. Jesus het vir die Jode van Sy dag gesê dat hulle oordeel baie erger sou wees as dié van Sodom en Gomorra, omdat hulle 'n baie groter openbaring van die waarheid ontvang het (Matteus 11:20-24).

Dieselfde geld vir Amerika in hierdie eeu. Geen ander nasie het dieselfde toegang tot die Woord van God gehad as wat aan die Amerikaanse volk verleen is nie. Deur kultuur en tradisie, deur kerke en evangeliste, deur radio en televisie, en deur die gedrukte woord, is Amerika bo alle ander nasies geseën met die kennis van God se waarheid. Ons oordeel vir die verwerping daarvan sal dienooreenkomstig ernstig wees. Baie Christene besef nie dat God se oordeel nie by die mense van die wêreld begin nie, maar by die mense van God. Petrus het vir die Christene van sy dag gesê:

> "Want die tyd het aangebreek dat die oordeel by die huis van God moet begin en as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van diegene wat die evangelie van God nie gehoorsaam nie?" (1 Petrus 4:17)

Hierdie woorde is eweneens van toepassing op die kerk in Amerika vandag. Van al die sondes waarvan die hedendaagse kerk aangekla kan word, is dit voldoende om op twee te fokus: materialisme en kompromie. In Lukas 17:26-30 het Jesus voorspel dat die tydperk voor Sy wederkoms soos die dae van Noag en Lot sou wees. Hy het spesifiek agt aktiwiteite genoem wat kenmerkend was van daardie dae: eet, drink, trou, in die huwelik gee, koop, verkoop, bou, plant. Daar is tog niks spesifiek sondig in

© 1993 - Derek Prince Ministries, International, Inc.

enige van hierdie aktiwiteite nie. Wat was dan die probleem?

Die probleem was materialisme. Die mense van daardie dae het so verdiep geraak in hierdie materialistiese aktiwiteite dat hulle onbewus was van die naderende oordeel van God oor hulle vleeslike lewenstyl. Toe die oordeel kom, was hulle totaal onvoorbereid. Dieselfde geld vandag vir die meeste belydende Christene in Amerika. As die finale oordele van God skielik die wederkoms van Christus sou inlui, sou hulle totaal onvoorbereid wees.

Soos materialisme word die sonde van kompromie dikwels nie herken nie. Sowat twee jaar gelede, terwyl ek gebid het, het ek 'n geestelike prentjie gehad van die binnekant van 'n tipiese kerkgebou met rye banke, 'n platform, 'n preekstoel, 'n klavier en so meer. Maar die hele gebou was deurtrek met een of ander mis. Die buitelyne van voorwerpe kon onderskei word, maar niks is skerp omskryf nie. Terwyl ek gewonder het wat die mis verteenwoordig, het God vir my een duidelike woord gegee: kompromie.

In die hedendaagse kerk het die meeste van die belangrikste morele en leerstellige waarhede, so duidelik in die Nuwe Testament verwoord, vaag en ondoeltreffend geword. In 1 Korintiërs 6:9-10 het Paulus geskryf:

> "Moenie mislei word nie. Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of homoseksuele of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of afpersers sal die Koninkryk van God beërwe nie."

Tog is die kerk vandag vol mense wat hierdie sondes pleeg, maar totaal onbesorg bly. Trouens, hulle spog dikwels met sulke sondes.

'n Kerklid het in 'n hospitaal gelê, besig om te sterf aan vigs wat hy deur homoseksualiteit opgedoen het. Toe neem hy Christus aan en is 'n Nuwe Testament gegee. Nadat hy 'n ent in die Nuwe Testament gelees het, het hy 'n dringende boodskap gestuur aan die persoon wat hom na Christus gelei het: "Kom bid vir my. Ek het bevryding nodig. Ek het nooit geweet daar is iets fout met my lewenstyl nie."

Ongeveer tien jaar gelede, tydens die Kersseisoen, het ons personeel Ruth en my daartoe verbind om op twee televisieaanbiedings van PTL te verskyn. Aangesien ons nie televisie kyk nie, het ons geen idee gehad wat om te verwag nie. Ek was veronderstel om die "hoofspreker" te wees. Uit die eerste uur het ek tien minute gekry, en uit die tweede uur twintig minute. Die meeste van die tyd is daaraan bestee om vir geld te appelleer en Tammy-poppe te verkoop. Sover ek kan onthou, was ek en Rut die enigste mense wat selfs Jesus genoem het.

Kort daarna was daar 'n openbaarmaking van die skandale wat nou berug geword het. Maar vir my persoonlik was die skokkendste ding nie enige seksuele of finansiële wangedrag nie, hoe erg dit ook al was. Wat my toe geskok het, en my vandag nog skok, is die besef dat miljoene Amerikaners voortdurend gekonfronteer word met 'n totaal valse prentjie van die Christendom - een wat geen plek vir die kruis gehad het nie, met sy eise vir nederigheid, vir heiligheid en vir 'n opofferende lewe. Hoe verskriklik om te besef dat mense wat deur so 'n aanbieding verlei is nooit die werklike waarheid van die evangelie sal hoor nie!

Die PTL-skandaal is nou geskiedenis, maar dit het ons gelaat met 'n vraag wat ons moet beantwoord: was dit bloot 'n geïsoleerde verskynsel, of was dit 'n simptoom van 'n siekte wat die Liggaam van Christus regdeur Amerika aantas?

Tog is daar binne die kerk nog 'n oorblyfsel van opregte, toegewyde volgelinge van Jesus. As ons onder daardie getal is, hoe vereis God van ons om op die huidige krisisse te reageer?

Een duidelike antwoord word in 2 Kronieke 7:14 gegee:

> "As my volk oor wie my Naam uitgeroep is, hulleself verootmoedig en bid en my aangesig soek, en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. "

Die frase, "My volk oor wie My Naam uitgeroep is" is van toepassing op alle Christene wat die naam van Christus persoonlik bely.

Vir ten minste 30 jaar onderrig ek oor hierdie Skrif, maar onlangs is ek gekonfronteer met 'n skokkende besef! God se volk in ons dag het nog nooit aan die eerste voorwaarde voldoen nie. Ons het onsself nog nooit werklik verneder nie. Ons trots – beide godsdienstig en rasgerig—bly as 'n versperring wat die antwoord op ons gebede vir onsself en vir ons nasie terughou.

Deur die ernstige handelinge van God in my eie lewe, het ek die mees effektiewe manier vir ons geleer om onsself te verneder. Baie eenvoudig, dit is deur ons sondes te bely. As

ons gereeld en opreg ons sondes aan God bely, is dit onmoontlik om Hom met 'n gesindheid van trots te nader. Verder het ek gesien dat God Homself slegs daartoe verbind het om die sondes wat ons bely, te vergewe.

> “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons ons sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Joh. 1:9)

Onbelyde sondes is onvergeefde sondes. So bou die versperring van hoogmoed 'n tweede versperring op, naamlik van onvergeefde sondes.

Die Bybel vermaan ons om ons sondes nie net aan God te bely nie, maar ook aan mekaar.

> “Bely julle sondes voor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word” (Jakobus 5:16)

Om ons sondes voor God te bely, handel met vertikale hoogmoed; om aan mekaar te bely, handel met horisontale trots. Ons kan kwalik 'n houding van trots handhaaf teenoor iemand aan wie ons sopas ons persoonlike sondes bely het.

Dit geld veral vir die verhouding tussen mans en vrouens in 'n huwelik. Diegene wat gereeld hul sondes aan mekaar bely, word nie uitmekaar gehou deur 'n versperring van trots nie.

Verder is belydenis van sonde 'n noodsaaklike voorvereiste vir effektiewe voorbidding. Daniël was een van die mees regverdige karakters in die Bybel, maar toe hy begin het om vir sy volk Israel in te tree, het hy begin deur sy eie aandeel in hulle sondes te erken (Dan. 9:3-13).

Ek glo dat God vir ons as Amerikaanse Christene wag om onsself voor Hom en mekaar te verootmoedig deur ons sondes te bely. Eers nadat ons dit gedoen het, kan ons aanbeweeg om die genesing van ons land te eis. Maar ek moet 'n woord van waarskuwing byvoeg. Moenie verval in morbiede introspeksie nie! Die Heilige Gees is “die vinger van God” (Matt. 12:28; Luk. 11:20). Vra God om Sy vinger te plaas op die sondes wat jy moet bely. Hy sal dit met onfeilbare akkuraatheid doen en waarskynlik sondes aan die lig bring wat jy nooit herken het nie!

© 1993 - Derek Prince Ministries, International, Inc.



© 1993 - Derek Prince Ministries, International, Inc.